

Spesiaal
vir beginners (Slot)

Leer Jou Breipatrone Beter Verstaan

Dié laaste aflewering in ons reeks lesse beskryf die stappe van die metode om eenvoudige kables te brei, en verduidelik die gewildste metode om bobbels te brei

HOE 'N BOBBEL GEBREI WORD

Bobbels word dikwels in tradisionele aranpatrone ingesluit, maar kan gebrei word om ander patrone te vorm en ook om 'n interessante verheve getekstureerde effek te verkry op koussteekkledingstukke. Die bobbel kan in dieselfde kleur as die kledingstuk gebrei word of in 'n verskillende kleur breigaring soos die breiwerk in ons foto's.


Die afkorting wat aandui dat 'n bobbel gebrei moet word, is **mb** en die grootte van die bobbel hang af van die aantal steke wat gemaak word (ons gebruik vyf in ons voorbeeld) en die aantal rye wat gebrei word om diepte aan die bobbel te gee.

Om **mb** te brei, steek regternaald in volgende steek op linkernaald en brei r 1, aw 1, r 1, aw 1 en r 1 almal in hierdie een steek, wat beteken dat uit een steek daar nou vyf steke op regternaald gevorm is. Draai breiwerk om en aw een ry (foto Z1) oor dié 5 steke, draai weer breiwerk om en r een ry oor dieselfde 5 steke, draai breiwerk om en aw nog 'n ry. Daar is nou 5 steke op regternaald (foto Z2). Steek punt van linkernaald in tweede steek op regternaald en lig dit oor eerste steek en van naald af. Herhaal dié beweging tot slegs een van bobbelsteke op regternaald oorbly (foto Z3). Bobbel is nou voltooi (foto Z4). So word 'n bobbel in omgekeerde koussteek gebrei maar bobbel kan in reksteek of koussteek gebrei word deur die verlangde steek te gebruik wanneer die bobbel gebrei word.

HOE KABELS GEBREI WORD

Kables vorm 'n patroon wat na 'n gedraaide tou lyk en die draaiings kan op baie maniere afgewissel word om verskillende patrone te vorm. Die gewone patroon word gebrei deur die kabeldraaiings telkens na 'n bepaalde aantal rye oor ses of agt steke eers voor en dan agter of omgekeerd te brei. Ons het ses steke gebruik vir ons voorbeeld. 'n Kort breinaaldjie met 'n punt aan elke kant, wat 'n kabelnaald genoem word, word gebruik. Die uiteensetting van die beweging word gewoonlik verkort tot kabel 6 voor wat geskryf word **k6 v** en kabel 6 agter wat geskryf word **k6 a**. Sommige patrone sit die kables uiteen deur te sê kabel 6 links en kabel 6 regs, maar ons gebruik eersgenoemde metode en laat die tweede vir kruising van steke wat beter op dié manier beskryf word.

Om **k6 v** te brei, plaas die volgende 3 steke op linkernaald oor op kabelnaald en hou voor breiwerk (foto W1). Brei die volgende 3 steke op linkernaald op gewone manier met kabelnaald steeds voor breiwerk (foto W2). Brei nou die steke van kabelnaald af asof jy



W1: Kabelnaald voor



W2: Drie steke gebrei



W3: Brei steke van kabelnaald



W4: Voltooië beweging



X1: Kabelnaald agter



X2: Drie steke gebrei




X3: Brei steke van kabelnaald

van 'n gewone breinaald af brei (foto W3). Dit laat die kabel na links lê en die beweging is voltooi (foto W4).

Om **k6 a** te brei, plaas die volgende 3 steke op linkernaald oor op kabelnaald en hou agter breiwerk (foto X1). Brei die volgende 3 steke op linkernaald soos gewoonlik met kabelnaald steeds agter breiwerk (foto X2).



X4: Voltooië beweging



Y1: Kabel voltooi



Y2: Halwe kables



Z1: Vyf steke uit een steek gemaak



Z2: Rye wat gebrei word om bobbel te vorm



Z3: Een steek bly oor



Z4: Bobbel voltooi

Brei nou die 3 steke van kabelnaald af asof van 'n gewone breinaald (foto X3). Dit laat die kabel na regs lê en die beweging is voltooi (foto X4). Die kabel is nou voltooi (foto Y1). In foto Y2 kan 'n ander soort kabel gesien word. Hier word die draaiing in die middel van 'n hoeveelheid omgekeerde koussteek gebrei wat dit na 'n knoop laat lyk.